



Laerskool Mikro

MEMORANDUM VAN WEEK 9 SE WERK

15 Junie 2020 – 19 Junie 2020

Hierdie week se werk vind alles op werkveld plaas. Aangesien daar nie plek is om die dag en datum bo-aan te tik nie, moet u asseblief net let op die volgorde van die werk. Plak elke dag die werkvel in asseblief.

BELANGRIK – Die speltoetse vir die kwartaal is afgehandel.

Direkte en Indirekte rede

1. Skryf die volgende sinne oor in die indirekte rede:

André sê: "Ek voel siek."

André sê dat hy siek voel.

Mamma vra: "Waar is jou pantoffels?"

Mamma vra waar my pantoffels is.

Pieter skree: "Jy maak my seer!"

Pappa skree dat ek hom seermaak.

Die seuns het gesê: "Ons gaan nie hier bly nie."

Die seuns het gesê dat hulle nie daar gaan bly nie.

2. Skryf die volgende sinne oor in die direkte rede:

Jana sê dat sy nie dorp toe wil gaan nie.

Jana sê: "Ek wil nie dorp toe gaan nie."

Stephan sê dat hy nie die antwoord weet nie.

Stephan sê: "Ek weet nie die antwoord nie."

Ben het gevra of ek kleingeld het.

Ben het gevra: "Het jy kleingeld?"

Jan skree vir Hannah dat sy moet stilbly.

Jan skree: "Hannah, jy moet stilbly!"



Tyd

Teenwoordige Tyd	Verlede Tyd	Toekomstige Tyd
Die hond <u>is</u> stout.	Die hond <u>was</u> stout.	Die hond <u>sal</u> stout <u>wees</u> .

Teenwoordige en verlede tyd



Skryf die volgende sinne oor in die verlede tyd:

1. Ons doen ons huiswerk.
Ons het ons huiswerk gedoen.
2. Hulle wil die film sien.
Hulle wou die film sien.
3. Al die atlete doen strekoefeninge.
Al die atlete het strekoefeninge gedoen.
4. My ma vertel vir die kinders 'n storie.
My ma het vir die kinders 'n storie vertel.
5. Ons gesels aanmekaar in die klas.
Ons het aanmekaar in die klas gesels.
6. Die dokter sit 'n verband op.
Die dokter het 'n verband opgesit.

Teenwoordige en toekomstige tyd

Skryf die volgende sinne oor in die toekomstige tyd:

1. Leon sit voor die televisie.
Leon sal voor die televisie sit.
2. Ek werk elke Saterdag in die tuin.
Ek sal elke Saterdag in die tuin werk.
3. Jan maak elke oggend sy bed op.
Jan sal elke oggend sy bed opmaak.
4. Ma gebruik die skêr om mee te knip.
Ma sal die skêr gebruik om mee te knip.
5. Die man steel 'n kar.
Die man sal 'n kar steel.
6. Ek leer vir my toets.
Ek sal vir my toets leer.

Saamgestelde sinne

Verbind die volgende sinne deur van die voegwoord in hakies gebruik te maak.

1. Sokker is 'n maklike spansport. Daar is net sewentien sokkerreëls. (want)
Sokker is 'n maklike spansport, want daar is net sewentien sokkerreëls.
2. Die gras moet groen wees. Die spelers kry seer. (anders)
Die gras moet groen wees anders kry die spelers seer.
3. Die doelwagter is in die doelhok. Sy spanmaats speel die veld vol. (terwyl)
Die doelwagter is in die doelhok terwyl sy spanmaats die veld vol speel.
4. Die sokkerveld is duidelik gemerk. Die spelers speel onkant. (nagtans)
Die sokkerveld is duidelik gemerk; nagtans speel die spelers onkant.
5. Die skeidsregter moet fiks wees. Hy hardloop saam met die spelers. (omdat)
Die skeidsregter moet fiks wees omdat hy saam met die spelers hardloop.

Deelteken en kappie

Vul die deeltekens en kappies in op die woorde waar dit moet kom.

Ons het gister 'n reenboog gesien en die skape gehoor bler. Ons het die skape geskeer met 'n sker. Die vliee was die wereld vol, veral naby die varkhokke. Nadat ons geeet het, het Ma haar perels afgehaal en onder die haardroer gaan sit, terwyl Pa met die ploee besig was.

Skryf die woorde wat jy verander het hieronder neer.	
Kappie	Deelteken
reënboog	blêr
vlieë	skêr
geëet	wêreld
haardroër	pêrels
ploeë	

Bywoorde

'n Bywoord beskryf die werkwoord.

Die kinders speel **buite**.

Bywoord van plek (Waar?)

Karla draf **vinging**.

Bywoord van wyse (Hoe?)

Ben bad **saans**.

Bywoord van tyd (Wanneer?)



Trek 'n lyn onder die bywoorde in die sin.

1. Die motor ry **vinnig** om die draai.
2. Jan eet **gulsig** sy kos.
3. Pieter spring **hoog** in die lug.
4. Die kinders loop **stadig** na die bus toe.
5. Die meisie huil **saggies**.
6. Die kinders skree **hard** toe hulle die slang sien.
7. Pappa werk **hard** vir sy geld.

Brei die onderstaande sinne uit deur 'n bywoord by te voeg.

1. Die vrou was die wasgoed. (tyd)
Die vrou was **soggens** die wasgoed. _____
2. Die haan kraai in die oggend. (wyse)
Die haan kraai **luidkeels** in die oggend. _____
3. Die fietsryer ry om die draai. (wyse)
Die fietsryer ry **vinnig** om die draai. _____
4. Jy moet my kom help. (plek)
Jy moet my **hier** kom help. _____
5. Die perd galop oor die veld. (tyd)
Die perd galop **teen sononder** oor die veld. _____
6. Die vragmotor ry teen die bult uit. (wyse)
Die vragmotoer ry **stadig** teen die bult uit. _____
7. Mamma was die wasgoed. (plek)
Mamma was die wasgoed **in die waskamer**. _____